UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

Vol. CCI.] PRYS 6d. PRETORIA, 30 SEPTEMBER 30 SEPTEMBER 1960. PRICE 6d. [No. 6537.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE CHARLES ROBBERTS SWART, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 334, 1960.]

INTREKKING VAN AANWYSING VAN DIE GESONDHEIDSRAAD VIR BUITE-STEDELIKE GEBIEDE AS 'N STEDELIKE PLAASLIKE BESTUUR.—GEBIED WITWATERSRAND-WES.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), herroep ek hierby Proklamasie No. 1 van 1955 soos gewysig by Proklamasie No. 346 van 1957.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. D. C. DE WET NEL.

593/313(2).

No. 335, 1960.]

WYSIGING VAN DIE PROKLAMASIE OP INBOORLINGE IN STEDELIKE GEBIEDE, 1951 (SUIDWES-AFRIKA PROKLAMASIE No. 56 VAN 1951).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *twee* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (No. 55 van 1951), wysig ek hierby die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Suidwes-Afrika Proklamasie No. 56 van 1951), deur—

(*a*) paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *veertien* te skrap en dit te vervang deur die volgende—

„(*c*) op die bedinge en voorwaardes wat goedgekeur mag word, die reg van bewoning van huise van die hand sit of geld voorskiet of materiaal op krediet verskaf vir die oprigting van huise of hutte vir die huisvesting van Naturelle;";

(*b*) paragraaf (*f*) van subartikel (2) van artikel *twee-en-dertig* te skrap en dit te vervang deur die volgende—

„(*f*) die van die hand sit van die reg van bewoning van huise en die toestaan van behuisingslenings, en die bedinge en voorwaardes van sodanige vandiehandsitting en van terugbetaling van sodanige lenings."

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE CHARLES ROBBERTS SWART, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 334, 1960.]

WITHDRAWAL OF DESIGNATION OF THE PERI-URBAN AREAS HEALTH BOARD AS AN URBAN LOCAL AUTHORITY.—AREA WEST WITWATERSRAND.

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-nine* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby repeal Proclamation No. 1 of 1955, as amended by Proclamation No. 346 of 1957.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Seventh day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. D. C. DE WET NEL.

593/313(2).

No. 335, 1960.]

AMENDMENT OF THE NATIVES (URBAN AREAS) PROCLAMATION, 1951 (SOUTH WEST AFRICA PROCLAMATION No. 56 OF 1951).

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *two* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (No. 55 of 1951), I hereby amend the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (South West Africa Proclamation No. 56 of 1951), by—

(*a*) the deletion of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *fourteen* and the substitution therefor of the following—

"(*c*) dispose of the right of occupation of houses or advance moneys or supply material on credit for the construction of houses or huts for the accommodation of Natives, subject to such terms and conditions as may be approved;";

(*b*) the deletion of paragraph (*f*) of sub-section (2) of section *thirty-two* and the substitution therefor of the following—

"(*f*) the disposal of the right of occupation of houses and the grant of housing loans and the terms and conditions of such disposals and payment of such loans."

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. D. C. DE WET NEL.

621/313(1).

No. 336, 1960.]

VERKLARING TOT 'N SPESIALE PAD.— PROVINSIE ORANJE-VRYSTAAT.

Nademaal die Nasionale Vervoerkommissie wat ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Wet op die Koördinering van Vervoer, 1948 (Wet No. 44 van 1948), soos gewysig, benoem is, na beraadslaging met die Administrateur van die provinsie Oranje-Vrystaat, kragtens subartikel (1) van artikel *vier* van die Wet op Nasionale Paaie, 1935 (Wet No. 42 van 1935), soos gewysig, en kragtens subparagraaf (*a*) van paragraaf (i) van artikel *nege* van eersgenoemde Wet, aanbeveel het dat dié deel van 'n pad wat in bygaande Bylae omskryf word, tot 'n spesiale pad verklaar word;

En nademaal dit volgens my oordeel in die openbare belang wenslik is dat dié deel van 'n pad wat in bygaande Bylae omskryf word, aangelê, vernuwe, herstel of in stand gehou moet word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *vier* van laasgenoemde Wet, hierby verklaar dat dié deel van 'n pad wat in bygaande Bylae omskryf word, met ingang van die datum van uitvaardiging hiervan 'n spesiale pad is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sestiende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE.

PROVINSIE ORANJE-VRYSTAAT.

Administrateurs-proklamasie.	*Beskrywing van deel van pad.*
No. 17 van 1960.	Vanaf 'n punt op die Frankfortse Dorpsgronde No. 74 waar dit die primêre pad Frankfort–Tweeling verlaat, daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting oor die Frankfortse Dorpsgronde No. 74 en die plase Aanleg No. 76, Onderverdelings 1, 2 en 3 van Groenplaats No. 1384, Groenvlei No. 412, Puntje No. 123, Petrushoff No. 1110, Smalspruit No. 847, Dunnedin "A" No. 537, Dunedin No. 556, Onderverdeling 1 van Vruchtgebruik No. 299, Stukje Alleen No. 883, Golden Point No. 974, Onderverdeling 1 van Blydschap No. 1390, Blydschap No. 1390, Emandhlenie No. 943, Tevreden No. 490, Erfhoek No. 393 in die Distrik Frankfort, Schaaprand No. 114, Inhoek No. 369, Grootklip No. 370, Onderverdeling 1 van Grootklip No. 370, Zaamdam No. 115, Maggies Deel No. 455, Wydgelegen No. 589, Onderverdeling 1 van Wydgelegen No. 589, Jackhalskop No. 502, Mooimeisjesfontein No. 741 en Platrand No. 743 in die Distrik Vrede, tot by 'n punt op laasgenoemde plaas, ongeveer 0·5 myl noordwes van die gemeenskaplike hoekbaken van die plase Platrand No. 743, Hercules No. 1179 en Onderverdeling 1 van Maidstone No. 297 ('n totale afstand van ongeveer 26·5 myl). (Gedeelte van Spesiale Pad No. 9, Seksie 4.)

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Seventh day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. D. C. DE WET NEL.

621/313(1).

No. 336, 1960.]

DECLARATION OF A SPECIAL ROAD.— PROVINCE OF THE ORANGE FREE STATE.

Whereas in terms of sub-section (1) of section *four* of the National Roads Act, 1935 (Act No. 42 of 1935), as amended, and sub-paragraph (*a*) of paragraph (i) of section *nine* of the Transport (Co-ordination) Act, 1948 (Act No. 44 of 1948), as amended, the National Transport Commission, appointed under section *three* of the last-mentioned Act, has, after consultation with the Administrator of the Province of the Orange Free State, recommended that the part of a road described in the Schedule annexed hereto be declared to be a special road;

And whereas the construction, reconstruction, repair or maintenance of the part of a road described in the Schedule annexed hereto is, in my opinion, desirable in the public interest;

Now, therefore, under and by virtue of the power in me vested by paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *four* of the first-mentioned Act, I hereby declare that the part of a road described in the Schedule annexed hereto, shall be a special road with effect from the date of promulgation hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Sixteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE.

PROVINCE OF THE ORANGE FREE STATE.

Administrator's Proclamation.	*Description of Part of Road.*
No. 17 of 1960..	From a point on the Frankfort Townlands No. 74, where it leaves the Frankfort–Tweeling primary road, thence proceeding in a general easterly direction over the Frankfort Townlands No. 74 and the farms Aanleg No. 76, Subdivisions 1, 2 and 3 of Groenplaats No. 1384, Groenvlei No. 412, Puntje No. 123, Petrushoff No. 1110, Smalspruit No. 847, Dunedin "A" No. 537, Dunedin No. 556, Subdivision 1 of Vruchtgebruik No. 299, Stukje Alleen No. 883, Golden Point No. 974, Subdivision 1 of Blydschap No. 1390, Blydschap No. 1390, Emandhlenie No. 943, Tevreden No. 490, Erfhoek No. 393 in the Frankfort District, Schaaprand No. 114, Inhoek No. 369, Grootklip No. 370, Subdivision 1 of Grootklip No. 370, Zaamdam No. 115, Maggies Deel No. 455, Wydgelegen No. 589, Subdivision 1 of Wydgelegen No. 589, Jackhalskop No. 502, Mooimeisjesfontein No. 741 and Platrand No. 743 in the Vrede District, to a point on the lastmentioned farm, approximately 0·5 mile mile north-west of the corner beacon common to the farms Platrand No. 743, Hercules No. 1179 and Subdivision 1 of Maidstone No. 297 (a total length of about 26·5 miles). (Portion of Special Road No. 9, Section 4.)

No. 337, 1960.]

BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN ONGEDIERTEKERENDE HEININGS, AFDELING HAY.

Nademaal die gebied bestaande uit die afdeling Hay, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, waarin die Afdelingsraad van Hay regsbevoegdheid besit, kragtens subartikel (5) van artikel *vyf* van die Omheiningswet, 1912 (Wet No. 17 van 1912), soos gewysig, gelees met proklamasies Nos. 501 van 1893, 230 van 1899, 372 van 1903, 263 van 1904, 378 van 1904 en 301 van 1905 (Kaap), 'n gebied is waarin bydraes tot die koste van tussenheinings verpligtend is;

En nademaal daar, ingevolge subartikel (3) van artikel *een* van die Omheiningswet Wijzigings Wet, 1922 (Wet No. 11 van 1922), soos gewysig, 'n gesertifiseerde afskrif van 'n besluit geneem deur die Afdelingsraad van Hay, wat binne genoemde gebied regsbevoegdheid besit, aan die Minister van Landbou-tegniese Dienste deurgestuur is, waarin aanbeveel word dat bydraes tot die koste van—

(*a*) die verandering van 'n tussenheining in 'n ongediertekerende heining; of

(*b*) die oprigting van 'n ongediertekerende heining as 'n tussenheining,

in daardie gedeeltes van die afdeling Hay wat in bygaande Bylae beskryf word, verpligtend verklaar moet word;

En nademaal behoorlik voldoen is aan die vereistes van paragrawe (*b*) en (*c*) van subartikel (2) van artikel *vyf* van die Omheiningswet, 1912 (Wet No. 17 van 1912), soos gewysig;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een* van die Omheiningswet Wijzigings Wet, 1922 (Wet No. 11 van 1922), soos gewysig, hierby verklaar dat van en na die datum van publikasie hiervan bydraes tot die koste van—

(*a*) die verandering van 'n tussenheining in 'n ongediertekerende heining; of

(*b*) die oprigting van 'n ongediertekerende heining as 'n tussenheining,

verpligtend is in die gedeeltes van die afdeling Hay wat in bygaande Bylae beskryf word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Negentiende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

BYLAE.

Daardie gedeeltes van die afdeling Hay wat nie reeds deur Proklamasies Nos. 94 van 1939, 112 van 1951, 165 van 1952, 92 van 1954, 215 van 1955, 312 van 1957, 137, 227 en 306 van 1959 bepaal word as gebiede waarin bydraes tot die koste van ongediertekerende heinings verpligtend is nie.

No. 338, 1960.]

KAAPSTAD-MELKSKEMA.—WYSIGING.

Nademaal die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, ingevolge die bepalings van subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig*, gelees met paragraaf (c) van subartikel (3) van artikel *sewentien* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, 'n sekere voorgestelde wysiging soos in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Kaapstad-Melkskema afgekondig by Proklamasie No. 123 van 1956, soos gewysig, aangeneem het en kragtens die bepalings van paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van genoemde Wet, goedkeuring van genoemde voorgestelde wysiging aanbeveel het;

No. 337, 1960.]

CONTRIBUTIONS TOWARDS COST OF VERMIN-PROOF FENCING, DIVISION OF HAY.

Whereas the area comprising the Division of Hay, in the Province of the Cape of Good Hope, wherein the Divisional Council of Hay has jurisdiction, is, by virtue of sub-section (5) of section *five* of the Fencing Act, 1912 (Act No. 17 of 1912), as amended, read with Proclamations Nos. 501 of 1893, 230 of 1899, 372 of 1903, 263 of 1904, 378 of 1904 and 301 of 1905 (Cape), an area in which contributions towards the cost of dividing fences shall be obligatory;

And whereas there has been transmitted to the Minister of Agricultural Technical Services, in accordance with sub-section (3) of section *one* of the Fencing Act Amendment Act, 1922 (Act No. 11 of 1922), as amended, a certified copy of a resolution passed by the Divisional Council of Hay, having jurisdiction within the said area, recommending that contributions towards the cost of—

(*a*) converting a dividing fence into a vermin-proof fence; or

(*b*) erecting a vermin-proof fence as a dividing fence;

shall be obligatory in those portions of the Division of Hay described in the Schedule hereto;

And whereas the requirements of paragraphs (*b*) and (*c*) of sub-section (2) of section *five* of the Fencing Act, 1912 (Act No. 17 of 1912), as amended, have been duly complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *one* of the Fencing Act Amendment Act, 1922 (Act No. 11 of 1922), as amended, I do hereby declare that from and after the date of publication hereof contributions towards the cost of—

(*a*) converting a dividing fence into a vermin-proof fence; or

(*b*) erecting a vermin-proof fence as a dividing fence;

shall be obligatory in those portions of the division of Hay described in the Schedule hereto.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Nineteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

SCHEDULE.

Those portions of the Division of Hay which are not already declared by Proclamations Nos. 94 of 1939, 112 of 1951, 165 of 1952, 92 of 1954, 215 of 1955, 312 of 1957, 137, 227 and 306 of 1959 to be areas in which contributions towards the cost of vermin-proof fencing shall be obligatory.

No. 338, 1960.]

CAPE TOWN MILK SCHEME.—AMENDMENT.

Whereas the Minister of Agricultural Economics and Marketing has, by virtue of the provisions of sub-section (4) of section *twenty-three*, read with paragraph (*c*) of sub-section (3) of section *seventeen* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, accepted a certain proposed amendment, as set out in the Schedule hereto, to the Cape Town Milk Scheme published by Proclamation No. 123 of 1956, as amended, and has in terms of the provisions of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *twenty-one* of the said Act recommended the approval of the said proposed amendment;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig*, gelees met subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sestiende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op Las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

D. C. H. UYS.

BYLAE.

Die Kaapstad-Melkskema, afgekondig by Proklamasie No. 123 van 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in die Afrikaanse teks van paragraaf (*b*) van subartikel (5) van artikel *drie-en-twintig bis* na die woord „ melk " waar dit vir die laaste maal voorkom, die woorde „ en room " in te voeg.

No. 339, 1960.]

BESPROEIINGSDISTRIK GEORGES VALLEY, DISTRIK LETABA, TRANSVAAL.—INSTELLING.

Nademaal ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-sewentig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), 'n versoekskrif deur eienaars van oewergrond aan die Groot-Letabarivier aan die Minister van Waterwese voorgelê is, waarin vermeld word dat dit na die mening van die petisionarisse wenslik is dat 'n gekombineerde stelsel van waterwerke vir die besproeiing van bedoelde grond gebou behoort te word;

En nademaal al die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot so 'n versoekskrif nagekom is;

En nademaal die Goewerneur-generaal kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *vier-en-sewentig* van genoemde Wet 'n gebied tot 'n besproeiingsdistrik kan verklaar;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vier-en-sewentig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat die plase Gedeelte 1 van Georges Valley No. 560 (L.T. 632), Stylkop No. 402 (L.T. 630), Letabadrift No. 401 (L.T. 629), Diggers Rest No. 400 (L.T. 622), Red Bank No. 391 (L.T. 600) en Burrah Nullah No. 390 (L.T. 590), met uitsondering van Gedeelte A „ Halewood ", distrik Letaba, Transvaal, 'n besproeiingsdistrik uitmaak wat bekendstaan as die Besproeiingsdistrik Georges Valley;

En kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege-en-sewentig* van genoemde Wet, verklaar ek hierby voorts dat daar vir genoemde Besproeiingsdistrik 'n besproeiingsraad is wat as die Besproeiingsraad van Georges Valley bekendstaan.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Negentiende dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

Now, therefore, under the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *twenty-two*, read with sub-section (4) of section *twenty-three* of the said Act, I do hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Sixteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

D. C. H. UYS.

SCHEDULE.

The Cape Town Milk Scheme, published by Proclamation No. 123 of 1956, as amended, is hereby further amended by the insertion in the Afrikaans text of paragraph (*b*) of sub-section (5) of section *twenty-three bis* after the word " melk " where it appears for the last time, of the words " en room ".

No. 339, 1960.]

GEORGES VALLEY IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF LETABA, TRANSVAAL.—CONSTITUTION.

Whereas a petition has, in terms of sub-section (1) of section *seventy-one* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), been submitted to the Minister of Water Affairs by owners of land riparian to the Groot Letaba River, stating that in the opinion of the petitioners it is desirable that a combined system of water works should be constructed for the purpose of irrigating such land;

And whereas all the provisions of the said Act relating to such petition have been complied with;

And whereas the Governor-General may, under the provisions of sub-section (1) of section *seventy-four* of the said Act, declare an area to be an irrigation district;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (1) of section *seventy-four* of the said Act, I hereby declare that the farms Portion 1 of Georges Valley No. 560 (L.T. 632), Stylkop No. 402 (L.T. 630), Letabadrift No. 401 (L.T. 629), Diggers Rest No. 400 (L.T. 622), Red Bank No. 391 (L.T. 600) and Burrah Nullah No. 390 (L.T. 590), excluding Portion A " Halewood ", District of Letaba, Transvaal, shall constitute an irrigation district known as the Georges Valley Irrigation District;

And under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (1) of section *seventy-nine* of the said Act, I hereby further declare that there shall be an irrigation board for the said Irrigation District to be styled the Georges Valley Irrigation Board.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Nineteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

No. 340, 1960.]

VERVAARDIGING VAN LEMOENWYN.—„RETREAT FARMS (PROPRIETARY), LIMITED."

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (3) van artikel *ses* van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel, met die wysigings hieronder uiteengesit, vanaf die datum van publikasie hiervan van toepassing is op „Retreat Farms (Proprietary), Limited," ten opsigte van lemoenwyn wat hy te Retreat in die distrik Alfred, Provinsie Natal, maak.

Vir die toepassing van hierdie Proklamasie moet subartikel (2) van artikel *ses* van die Drankwet, 1928, soos gewysig, met die volgende wysigings gelees word:—

(*a*) Die woord „wynbou" word deur die woorde „die vervaardiging van lemoenwyn" vervang;

(*b*) die woorde „wyn of brandewyn soas omskrywe in artikel *ses* van eersgenoemde Wet" word deur die woord „lemoenwyn" vervang;

(*c*) die woorde „wyn of brandewyn", waar dit vir die derde en die vierde maal voorkom, word deur die woord „lemoenwyn" vervang;

(*d*) die woorde „druiwe die produk van die wynstok" in paragraaf (*a*) word deur die woord „lemoene" vervang;

(*e*) die woord „druiwe" waar dit vir die tweede maal in paragraaf (*a*) voorkom, word deur die woord „lemoene" vervang;

(*f*) voorbehoudsbepaling (i) word deur die volgende voorbehoudsbepaling vervang:—

„(i) nie meer as tweeduisend gallon van die lemoenwyn jaarliks in die Unie van Suid-Afrika verkoop, gelewer of van die hand gesit word nie en dan alleenlik aan 'n wettige vervaardiger van asyn of aan iemand wat nie verbied is om sterk drank te besit nie; ";

(*g*) die woorde „vier gallon, in een dig-toegekurkte of gepropte houer" wat in voorbehoudsbepaling (ii) voorkom, word deur die woorde „twee gallon in een of meer digtoegekurkte of -gepropte houers" vervang.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

F. C. ERASMUS.

No. 340, 1960.]

PRODUCTION OF ORANGE WINE.—RETREAT FARMS (PROPRIETARY), LIMITED.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (3) of section *six* of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), as amended, I do hereby declare that the provisions of sub-section (2) of the said section shall, with the modifications hereinafter set out, apply from the date of publication hereof to Retreat Farms (Proprietary), Limited, in respect of orange wine produced by it at Retreat in the District of Alfred, Province of Natal.

For the purposes of this Proclamation sub-section (2) of section *six* of the Liquor Act, 1928, as amended, shall be read with the following modifications:—

(*a*) For the word "viticulture" the words "the production of orange wine" shall be substituted;

(*b*) for the words "wine or brandy as defined in section *six* of the firstmentioned Act" the words "orange wine" shall be substituted;

(*c*) for the words "wine or brandy" where those words appear for the third and fourth times, the words "orange wine" shall be substituted;

(*d*) for the words "grapes the produce of the vine", in paragraph (*a*), the word "oranges" shall be substituted;

(*e*) for the word "grapes', where that word appears for the second time in paragraph (*a*), the word "oranges" shall be substituted;

(*f*) for proviso (i) the following proviso shall be substituted:—

"(i) not more than two thousand gallons of such orange wine may be sold, delivered or disposed of annually in the Union of South Africa and then only to a lawful manufacturer of vinegar or to a person who is not prohibited from possessing intoxicating liquor; ";

(*g*) for the words "four gallons contained in one receptacle" occurring in proviso (ii), the words "two gallons contained in one or more receptacles" shall be substituted.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-second day of September, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

F. C. ERASMUS.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1468.] [30 September 1960.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, kragtens die „Crown Lands (small areas) Disposal Ordinance", 1905 (O.V.S.), die eiendom hieronder omskryf tesame met die verbeterings daarop, deur die veilingafslaers die firma Ben Simon, om 10 vm., op Woensdag, 30 November 1960, voor die kantoor van die Dorpsbestuur te Deneysville, per publieke veiling te koop aangebied sal word op die voorwaardes hierin gemeld en die verdere voorwaardes wat op die datum van verkoop afgekondig mag word.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1468.] [30 September 1960.

It is hereby notified for general information that, in terms of the Crown Lands (small areas) Disposal Ordinance, 1905 (O.F.S.), the property described hereunder, together with the improvements thereon, will be offered for sale by public auction, by the auctioneers, Messrs. Ben Simon, in front of the offices of the Village Management Board at Deneysville, on Wednesday, the 30th November, 1960, at 10 a.m., subject to the conditions set out herein and to such further conditions as may be declared on the day of sale.

PROVINSIE ORANJE VRYSTAAT.

DISTRIK HEILBRON.

Erf No. 780, groot 27,667 vierkante voet, gehou deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika kragtens Transportakte No. 1276/1953, geleë aan Parrstraat, in die dorp Deneysville.

Verbeterings: Woonhuis, motorhuis en buitekamer.

Afslaerskommissie: 5 persent op die eerste £1,000 van die koopprys wat verkry word en 2½ persent daarna.

VERKOOPSVOORWAARDES.

1. Die eiendom word aan die hoogste bieër verkoop behoudens bekragtiging deur die Minister van Lande.

2. Die hoogste bieër, wat as die voorlopige koper beskou word, moet op die dag van verkoop een-tiende van die bedrag wat vir die eiendom aangebied is en die afslaer se kommissie in kontant aan die afslaer betaal; die verkoopdag is die dag waarop die grond opgeveil word.

3. Indien die verkoop nie bekragtig word nie, word die bedrae wat ingevolge 2 hierbo betaal is, terugbetaal.

4. Die Regering behou hom die reg voor om, ingeval omstandighede dit nodig of wenslik maak, die eiendom aan verkoop te onttrek.

5. Die koper moet, wanneer hy kennis ontvang het dat sy bod deur die Minister aanvaar is, so gou moontlik na die datum van sodanige kennisgewing of, as verdere voorwaardes opgelê is, by aanname van sodanige voorwaardes met die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Bloemfontein, of 'n ander persoon wat deur die Minister van Lande daartoe aangestel word, 'n koopkontrak wat die verkoopvoorwaardes bevat, met betrekking tot die verkoopte eiendom sluit, en aan dié kontrak moet 'n plan wat die ligging, grootte en grense van die grond aantoon, geheg word.

6. *Betaalvoorwaardes.*—Minstens een-tiende van die koopprys moet in kontant op die verkoopdag betaal word; die solda moet in nege gelyke jaarlikse paaiemente betaal word tesame met die rente, teen 'n koers van 6 persent per jaar gereken vanaf die datum van verkoop, op dié saldo van die koopprys wat van tyd tot tyd verskuldig is. Die koper kan die volle koopprys te eniger tyd betaal indien hy dit verkies.

7. Hereregte is betaalbaar deur die koper.

8. Geen koste sal deur die Regering aangegaan word om die bakens van die grond aan te wys nie.

9. Die koper moet van die verkoopdag af die verbeterings wat op die eiendom is, op eie koste en tot tevredenheid van die Minister van Lande in orde en in 'n goeie toestand hou.

10. Die koper mag nie, voordat hy eiendomsreg verkry het, die eiendom of 'n gedeelte daarvan, of sy belange daarin verhuur, verkoop, oordra, verhipotekeer, oormaak, afstaan of op enige manier vervreem nie, behalwe soos in die eersvolgende klousule bepaal.

11. 'n Koper wat nie in gebreke gebly het om die verkoopsvoorwaardes van die kontrak na te kom nie, kan behoudens die skriftelike goedkeuring van die Minister of van enigeen deur die Minister daartoe gemagtig, maar nie op 'n ander manier nie, self of deur tussenkoms van sy verteenwoordiger ingeval van sy dood of bankrotskap of, by oorgawe van sy boedel, deur tussenkoms van sy eksekuteur, trustee of boedelredder, na gelang van die geval, al sy regte kragtens die verkoopkontrak oordra aan 'n persoon deur die Minister goedgekeur, met dien verstande dat die persoon wat dié regte verkry, hom moet verbind om al die voorwaardes van die verkoopkontrak na te kom en daardeur gebind te wees.

PROVINCE OF THE ORANGE FREE STATE.

DISTRICT OF HEILBRON.

Erf No. 780, in extent 27,667 square feet, held by the Government of the Union of South Africa, by Deed of Transfer No. 1276/1953, situate on Parr Street, in the township of Deneysville.

Improvements: Dwelling-house, garage and outroom.

Auctioneer's commission: 5 per cent on the first £1,000 of the purchase price realised and 2½ per cent thereafter.

CONDITIONS OF SALE.

1. The property will be sold to the highest bidder subject to confirmation by the Minister of Lands.

2. The highest bidder, who will be deemed to be the provisional purchaser, will be required to pay to the auctioneer in cash on the day of sale, one-tenth of the amount bid for the property and the auctioneer's commission; the day of sale being the day on which the property is submitted to public auction.

3. In the event of the sale not being confirmed, the amounts paid under 2 above will be refunded.

4. The Government reserves the right to withdraw the property from sale should circumstances render it necessary or expedient.

5. The purchaser, on receiving notice that his bid has been accepted by the Minister, shall, as soon as possible after the date of such notification, or, where any further conditions have been imposed, on acceptance of such further conditions, enter into a contract of sale with the Regional Representative, Department of Lands, Bloemfontein, or such other person as may be deputed thereto by the Minister of Lands, relating to the property sold, enbodying the terms of sale, and to such contract shall be attached a plan showing the position, extent and boundaries of the land.

6. *Terms of Payment.*—Not less than one-tenth of the purchase price shall be paid in cash on the day of sale; the balance shall be paid in nine equal annual instalments, plus interest on the balance of the purchase price remaining unpaid from time to time, at 6 per cent per annum, reckoned from the date of sale. The purchaser may pay the full purchase price at any time should he so desire.

7. Transfer duty will be payable by the purchaser.

8. No costs will be incurred by the Government in pointing out the beacons of the land.

9. The purchaser shall, from the date of sale and at his own expense, keep such improvements as may be on the property, in good order and repair to the satisfaction of the Minister of Lands.

10. The purchaser shall not, prior to obtaining freehold title, let, sell, transfer, mortgage, cede, assign, or in any way alienate the property or any part thereof or his interests therein, except as provided in the next succeeding clause.

11. Subject to the approval, in writing, of the Minister or of any person deputed by the Minister in that behalf but not otherwise, the purchaser, not being in default in respect of the terms of the contract of sale, may by himself or his representatives in the event of his death or insolvency or, on the assignments of his estate, by his executor, trustee or assignee, as the case may be, transfer all his rights under the contract of sale to a person approved by the Minister, provided that the person acquiring those rights shall undertake and bind himself to fulfill and be bound by all the conditions of the contract of sale.

12. Ingeval enigeen van die gestelde voorwaardes nie op bevredigende wyse nagekom word nie, het die Regering die reg om weer besit van die eiendom te neem, en alle gelde wat betaal mag wees, tesame met alle verbeterings wat na die datum van verkoop daaraan aangebring mag wees, word verbeur. In dié geval word geen vergoeding ten opsigte van sodanige verbeterings deur die Regering betaal nie. Ingeval die verkoop ingetrek en die grond teruggeneem word soos hierin bepaal, moet alle onkoste wat die Regering mag aangaan om die grond weer in besit te neem, deur die koper betaal word.

13. Behoudens die bepalings van die Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926, soos gewysig, en die Wet op Edelgesteentes, 1927, soos gewysig, word alle regte op minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, steenkool, onedele of edele metale of edelgesteentes in en op die grond aan die Regering voorbehou.

14. Die verkoop is onderworpe aan 'n voorwaarde wat die vervreemding van die eiendom aan 'n nie-blanke verbied.

15. Ingevolge Akte van Transport No. 1276/1953 is die bovermelde eiendom onderworpe aan sekere voorwaardes wat betref onderverdeling, maak van boumateriaal, beperkings aangaande die oprigting van en veranderings aan geboue, omheinings, water, krag en riool geleidings en straatuitgrawings.

16. Alle pogings is aangewend om die inligting in hierdie kennisgewing so noukeurig moontlik te verstrek, maar die Regering aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat mag voorkom nie.

17. Eksemplare van hierdie kennisgewing en afskrifte van die voorwaardes vervat in die genoemde transportakte kan verkry word van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 316, Bloemfontein, die Landdros te Heilbron, en die vendu-afslaers.

No. 1483.] [30 September 1960.

BEHEERKOMITEE, GELUK, DISTRIK BRITS.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande ooreenkomstig die bepalings van paragrawe 3 en 7 van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel *agt-en-sewentig* van die Nedersettingswet, No. 21 van 1956, en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1479 van 4 Julie 1952, die here Johannes Jacobus Fouché, Izak Frederik de Jager, Johan Pieter Jansen van Rensburg en Adam Johannes Barnard vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 31 Augustus 1960 benoem het tot lede van die Beheerkomitee vir dié gedeelte van die Hartbeespoort-staatswaterskema, distrik Brits, wat as Geluk bekendstaan.

Die here Johan Frederik Barnard, David Jacobus Pieterse en Petrus Johannes Jacobs is ooreenkomstig paragraaf 3 van voornoemde regulasies, vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 31 Augustus 1960, tot lede van genoemde Komitee gekies, en die Minister van Lande het ooreenkomstig paragraaf 11 (1) van voornoemde regulasies, Johannes Jacobus Fouché vir genoemde tydperk tot Voorsitter van die Komitee benoem.

No. 1496.] [30 September 1960.

VERKOOP VAN UITVALSTAATSGROND.

Nademaal ondergenoemde persoon, kragtens artikel *veertien* van die „Crown Lands Disposal Act, 1887" (Kaap), aansoek gedoen het om 'n sekere stuk staatsgrond wat aan sy eiendom in die Afdeling Swellendam grens, en nademaal genoemde stuk grond so geleë is dat daar ingevolge artikels *veertien* en *vyftien* van daardie Wet

12. In the event of any of the stipulated conditions not being satisfactorily complied with, the Government will have the right to resume possession of the property, and such moneys as may have been paid shall be forfeited, together with such improvements as may have been erected thereon subsequent to the date of sale. No compensation shall, in that event, be payable by the Government in respect of such improvements. In the event of the cancellation of the sale and of resumption as aforesaid, all costs that may be incurred by the Government in effecting resumption, shall be payable by the purchaser.

13. Subject to the provisions of the Reserved Minerals Development Act, 1926, as amended, and the Precious Stones Act, 1927, as amended, all rights to minerals, mineral products, mineral oils, coal, base or precious metals or precious stones in and upon the land, are reserved to the Government.

14. The sale will be subject to a condition prohibiting the alienation of the property to a non-European.

15. In terms of Deed of Transfer No. 1276/1953 the property is subject to certain conditions as regards subdivision, fabricating of building materials, reservations regarding the erection and alteration of buildings, fencing, water, power and sewer conduction and street construction.

16. Every effort has been made to render as accurate as possible the information given in this notice, but the Government accepts no responsibility for any inaccurancies, should such exist.

17. Copies of this notice and the conditions contained in the above-mentioned Deed of Transfer can be obtained from the Regional Representative, Department of Lands, P.O. Box 316, Bloemfontein, the Magistrate at Heilbron and the auctioneers.

No. 1483.] [30 September 1960.

COMMITTEE OF MANAGEMENT, GELUK, DISTRICT OF BRITS.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Lands has, in terms of paragraphs 3 and 7 of the regulations made under section *seventy-eight* of the Land Settlement Act, No. 21 of 1956, and published by Government Notice No. 1479 of the 4th July, 1952, appointed Messrs. Johannes Jacobus Fouché, Izak Frederik de Jager, Johan Pieter Jansen van Rensburg and Adam Johannes Barnard, as members of the Committee of Management of that portion of the Hartbeespoort Government Water Scheme, District of Brits, known as Geluk, for a period of two years as from 31st August, 1960.

Messrs. Johan Frederik Barnard, David Jacobus Pieterse en Petrus Johannes Jacobs have, in accordance with paragraph 3 of the above-mentioned regulations, been elected to the said Committee for a period of two years as from 31st August, 1960, and in terms of paragraph 11 (1) of the said regulations, the Minister of Lands has appointed Johannes Jacobus Fouché as Chairman of the Committee for the period mentioned.

No. 1496.] [30 September 1960.

SALE OF UITVAL STATE-OWNED LAND.

Whereas the undermentioned person has applied, in terms of section *fourteen* of the Crown Lands Disposal Act, 1887 (Cape), for a certain piece of State-owned land adjoining his property in the Division of Swellendam, and whereas the said piece of land is so situated that it should be dealt with under sections *fourteen* and *fifteen* of that

daarmee gehandel moet word, word hierby bekendgemaak dat voornoemde aansoek op 6 Januarie 1961, deur die Regering in oorweging geneem sal word en dat alle persone wat by die saak belang het of beweer dat hulle het, voor of op genoemde datum skriftelik aan die Landmeter-generaal, Kaapstad, die verklarings of vertoë kan rig wat hulle nodig ag, hetsy ten gunste van of teen die betrokke aansoek.

Beskrywing van grond waarom aansoek gedoen word deur mnr. P. D. Smit:—

Sekere stuk staatsgrond, genoem die plaas Bakenkop, 40 morg groot, geleë in die Afdeling Swellendam en begrens deur die plase Doornriviersvallei, Perseel No. A4, Tradouws Hoek en Perseel No. 870.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 1167.] [5 Augustus 1960.

VOORGENOME DEMARKASIE VAN (1) GEDEELTE 17 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 9) EN (2) GEDEELTE 18 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 10) VAN DIE PLAAS THE GROOTVADERS-BOSCH ESTATE, AFDELING SWELLENDAM, KAAPPROVINSIE.

Die Minister van Bosbou is voornemens om die ongedemarkeerde bosgrond wat in die Bylae hiervan beskryf word en in die Afdeling Swellendam geleë is, ingevolge artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, tot 'n gedemarkeerde bos te verklaar. Afskrifte van verslae oor die terreine, gesertifiseer deur die Landmeter-generaal, Kaapstad, en met die kaarte daaraan geheg, is by die kantoor van die Landdros, Swellendam, ingedien en gedurende kantoorure beskikbaar vir kostelose insae.

BYLAE.

Afdeling.	Beskrywing van Grond.	Grootte	
		Morg.	Vierkante roede.
Swellendam.	(1) Gedeelte No. 17 (gedeelte van Gedeelte No. 9) van die plaas The Grootvadersbosch Estate, samestellende Gedeelte No. 7 van Reservaat No. 113, Grootvadersbosbosreservaat	930	56
Swellendam.	(2) Gedeelte No. 18 (gedeelte van Gedeelte No. 10) van die plaas The Grootvadersbosch Estate, samestellende Gedeelte No. 8 van Reservaat No. 113, Grootvadersbosbosreservaat	856	330

No. 1499.] [28 September 1960.

DEMARKASIE VAN DIE PLAAS LAWNWOOD, SAMESTELLENDE GEDEELTE No. 3 VAN GOUDVELD-BOSRESERVAAT No. 212, DISTRIK KNYSNA, KAAPPROVINSIE.

Aangesien aan die vereistes van die Wet, soos vervat in artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, voldoen is in verband met die voorgenome demarkasie van ondergenoemde gebied, geleë in die distrik

Act, it is hereby notified that the aforesaid application will be considered by the Government on the 6th January, 1961, and that all persons having or alleging to have an interest in the matter may, in writing, submit to the Suveyor-General, Cape Town, on or before that date, such statements or representations as they shall see fit, either in favour of or against the application.

Description of land applied for by Mr. P. D. Smit:—

Certain piece of State-owned land called the farm Bakenkop, measuring 40 morgen, situate in the Division of Swellendam, bounded by the farms Doornriviersvallei, Lot No. A4, Tradouws Hoek and Lot No. 870.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 1167.] [5 August 1960.

PROPOSED DEMARCATION OF (1) PORTION 17 (PORTION OF PORTION 9) AND (2) PORTION 18 (PORTION OF PORTION 10 OF THE FARM THE GROOTVADERSBOSCH ESTATE, DIVISION OF SWELLENDAM.

It is the intention of the Minister of Forestry, to declare in terms of Section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, the undemarcated forest land described in the Schedule hereto, and situated in the Division of Swellendam to be demarcated forest. Copies of reports on the areas certified by the Surveyor-General, Cape Town, with diagrams attached hereto, have been deposited and are available for inspection, free of charge, during office hours, at the Office of the Magistrate, Swellendam.

SCHEDULE.

Division.	Description of Land.	Area.	
		Morgen.	Square roods.
Swellendam.	(1) Portion No. 17 (portion of Portion No. 9) of the farm The Grootvadersbosch Estate, Component No. 7 of Reserve No. 113, Grootvadersbos Forest Reserve	930	56
Swellendam.	(2) Portion No. 18 (portion of Portion No. 10) of the farm The Grootvadersbosch Estate, Component No. 8 of Reserve No. 113, Grootvadersbos Forest Reserve	856	330

5 Aug.-2 Sept.-30 Sept.

No. 1499.] [28 September 1960.

DEMARCATION OF THE FARM LAWNWOOD, COMPONENT No. 3 OF GOUDVELD FOREST RESERVE No. 212, DISTRICT OF KNYSNA, CAPE PROVINCE.

The requirements of the law as set forth in section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, having been complied with in regard to the proposed demarcation of the undermentioned area, situated in the

Knysna en voorheen genoem in Goewermentskennisgewing No. 1581 van 9 Oktober 1959, verklaar die Minister van Bosbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by genoemde artikel van hierdie Wet, hierby die betrokke gebied tot gedemarkeerde bos.

BYLAE.

Distrik.	Beskrywing van grond.	Oppervlakte.	
		Morg.	Vierkante roede.
Knysna....	Die plaas Lawnwood, samestellende gedeelte No. 3 van Goudveldbosreservaat No. 212	1,472	—

District of Knysna and previously referred to in Government Notice No. 1581, dated 9th October, 1959, the Minister of Forestry, under the powers vested in him by the said section of the said Act, hereby declares the area in question to be demarcated forest.

SCHEDULE.

District.	Description of Land.	Area.	
		Morgen.	Square Roods.
Knysna....	The farm Lawnwood, Component No. 3 of Goudveld Forest Reserve No. 212	1,472	—

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1481.] [30 September 1960.

AANSTELLING VAN LEDE EN PLAASVERVANGENDE LEDE VAN DIE OPENBARE REKENMEESTERS- EN OUDITEURSRAAD.

Hierby word, ingevolge subartikel (7) van artikel *drie* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Finansies kragtens subartikels (1), (5) en (6) van genoemde artikel, professore Cornelius Alewyn Smith en Jan Anthonie Grové as lid en plaasvervangende lid onderskeidelik van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad aangestel het in die plek van professore Barrie Sluyter Wiehahn en Pieter Wilhelm Hoek, vir die onverstreke tydperk van laasgenoemde twee professore se aanstellings tot 31 Desember 1960.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1481.] [30 September 1960.

APPOINTMENT OF MEMBERS AND ALTERNATE MEMBERS OF THE PUBLIC ACCOUNTANTS' AND AUDITORS' BOARD.

In terms of sub-section (7) of section *three* of the Public Accountant's and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), as amended, it is hereby notified that the Minister of Finance has appointed Professors Cornelius Alewyn Smith and Jan Anthonie Grové as a member and alternate member respectively of the Public Accountants' and Auditors' Board in terms of sub-sections (1), (5) and (6) of that section, in the place of Professors Barrie Sluyter Wiehahn and Pieter Wilhelm Hoek for the unexpired period of the latter two professors' appointments until the 31st December, 1960.

[30 September 1960

No. 1489.]

STAAT VAN INVORDERINGE VAN PROVINSIALE INKOMSTE (MET INBEGRIP VAN DIREKTE INVORDERINGE DEUR PROVINSIES) VANAF 1 APRIL 1960 TOT 31 AUGUSTUS 1960.

STATEMENT OF PROVINCIAL REVENUE COLLECTIONS (INCLUDING COLLECTIONS DIRECT BY PROVINCES) FROM 1st APRIL, 1960 TO 31st AUGUST, 1960

Hoofde van Inkomste. *Heads of Revenue.*	Kaap die Goeie Hoop. *Cape of Good Hope.*		Natal.		Transvaal.		Oranje-Vrystaat. *Orange Free State.*		Totale. *Totals.*	
	1/8/60–31/8/60.	1/4/60–31/8/60.	1/8/60–31/8/60.	1/4/60–31/8/60.	1/8/60–31/8/60.	1/4/60–31/8/60.	1/8/60–31/8/60.	1/4/60–31/8/60.	1/8/60–31/8/60.	1/4/60–31/8/60.
Bronne van Inkomste Oorgedra. *Sources of Revenue Transferred.*	£	£	£	£	£	£	£	£	£	£
Lisensies—*Licences*—										
Hond, Vis en Wild..... *Dog, Fish and Game*	341	13,620	3,757	19,848	9,743	34,081	2,936	13,179	16,777	80,728
Motorvoertuie..... *Motor Vehicles*	37,172	238,445	24,730	143,733	76,443	327,901	23,651	136,737	161,996	846,816
Diverse—*Miscellaneous*—										
Transkeise Padbelasting..... *Transkeian Roads Tax*	3,401	5,680	—	—	—	—	—	—	3,401	5,680
Onderwysontvangste..... *Education Receipts*	47,539	252,658	54,836	167,299	25,168	101,469	19,807	39,987	147,350	561,413
Hospitaalontvangste..... *Hospital Receipts*	109,684	346,663	108,773	491,931	196,780	762,503	37,859	120,779	453,096	1,721,876
Ander Ontvangste..... *Other Receipts*	26,945	162,133	*Dr.* 1,789	50,388	22,097	120,642	15,528	92,432	62,781	425,595
Boetes en Verbeurdverklarings..... *Fines and Forfeitures*	3,524	16,483	3,572	16,973	12,658	57,485	4,878	22,271	24,632	113,212
Veilingsgelde..... *Auction Dues*	21,466	128,888	1,049	6,853	31,691	180,372	11,241	80,507	65,447	396,620
Belasting op Vermaaklikhede..... *Entertainment Tax*	69,622	346,275	37,205	182,626	70,466	325,015	11,884	56,348	189,177	910,264
Persoonlike en Provinsiale Inkomstebelasting (met inbegrip van Maatskappybelasting)..... *Personal and Provincial Income Tax (including Companies Tax)*	155,303	971,701	33,100	382,163	133,502	1,264,892	11,296	115,338	333,201	2,734,094
Belasting op Wedrenne en Weddenskappe..... *Racing and Betting Taxation*	38,156	189,601	100,655	347,924	65,648	355,851	7,997	36,330	212,456	929,706
Wielbelasting..... *Wheel Tax*	—	—	50	370	6,336	34,469	1,712	9,281	8,098	44,120
Naturellehospitaalbelasting en Bydraes..... *Native Hospital Tax and Contributions*	—	—	1	10	—	—	2,847	10,291	2,848	10,301
TOTALE—TOTALS.....£	513,153	2,672,147	365,939	1,810,118	650,532	3,564,680	151,636	733,480	1,681,260	8,780,425
TOTALE—TOTALS (1959–60).....£	494,881	2,793,653	368,238	1,936,658	686,110	4,343,700	149,440	722,572	1,698,669	9,796,583

TESOURIE/TREASURY,
PRETORIA.

I. T. MEYER,
Sekretaris van die Tesourie—*Secretary to the Treasury.*

No. 1490.] [30 September 1960.

Staat van Inkomste en Leningsverhalings, ingevorder gedurende die tydperk 1 April 1960 tot 31 Augustus 1960.

Tesourie, Pretoria.

No. 1490.] [30 September 1960.

Statement of Revenue and Loan Recoveries collected during the period 1st April, 1960, to 31st August, 1960.

Treasury, Pretoria.

Hoofde van Inkomste	*Heads of Revenue*	Begroting, 1960–61. *Estimates, 1960–61.*	Ingevorder vir die jaar geëindig 31 Maart 1960. *Collections for Year ended 31st March, 1960.*	Maand Augustus. *Month of August*		Totaal 1 April tot 31 Augustus. *Total 1st April to 31st August.*	
				1960.	1959.	1960.	1959.
		£	£	£	£	£	£
Op Inkomsterekening	*On the Revenue Account*						
Doeane en Aksyns—	Customs and Excise—						
